


'n Lugfoto van AfriCamps Champagne Valley.



Pret in die warm bad is 'n pluspunt van glanskamp by AfriCamps.



Die Champagne Bistro-Café by die Berg Air-sentrum.

# Kies koers na die berge

**Karla Janse van Vuuren** het gaan glanskamp in die Drakensberge en ontdek dat dié deel van die land meer as net natuurskoon bied.



**AfriCamps-tente is my manier van kampeer!** | FOTO'S: GERRIE JANSE VAN VUUREN

Ons is bevoorreg om in 'n land te bly waar ons kan kies en keur watter soort vakansie ons wil hê. Mik ons see se kant toe, of gaan ervaar ons die Bosveld? Of wat van die prag van die Drakensberge in die winter (en ons hou almal duim vas vir 'n bietjie sneeu)?

As 'n mens in Gauteng woon, is dit boonop net sowat vier uur se ry en jy is in die berge.

Die Sentraal-Drakensberge in die Winterton-omgewing (spesifiek Cathkin Park, ook bekend as Champagne Valley) bars uit sy nate van lekker doendinge vir vakansiegangers.

'n Mens is ook bederf wanneer dit by verblyf kom. Daar is natuurlik oorde met alles op een plek - van speelplek vir die kinders tot kuierplek vir ma en pa. As jy 'n gholfspeler is, kan jy dalk by een van die gholfbane tuisgaan. Met kinders onder 10 moet 'n mens kreatief dink, en wat is lekkerder vir 'n kind as om te kampeer?

As ma en pa egter nie kampeerders is nie, moet 'n mens bietjie wyer kyk.

AfriCamps se *glamping* merk al die boksies af. AfriCamps Champagne Valley het in November verlede jaar gaste begin verwelkom op dieselfde perseel as die Inkosana Berg Lodge & Spa, wat voorheen 'n blyplek vir rugsakreisigers was.

Daar is 10 tente elk met 'n uitsig op die berge. Om hier te bly plaas 'n mens in die middel van die aksie. Wanneer jy die kamp verlaat en op die R600 afdraai (of jy nou links of regs kies), is daar legio keuses van doendinge.

**Smul in die berg**

Vakansie gaan vir ons hand aan hand met lekker eet. Ons eerste stilhouplek vir 'n smaaklike middagete was by Valley Bakery, 'n familie-onderneming waar ongelooflike gebak beskikbaar is.

Alles word gebak met 100% natuurlike meel wat hulle self maal. Smul aan soutterte, toebroodjies, pizzas, hamburgers en meer, en koop van hul meel om self tuis mee kreatief te raak. Moenie vergeet om 'n pakkie koekies (of twee) te koop vir later se peusel nie - ek beveel die koffiekoekies aan!

**Alles word met 100% natuurlike meel gebak.**

Daar is ook 'n lekker speelgebied vir die kinders waar die blouapies ons met hul manewales in die dennebome vermaak het.

Sit 'n paar uur opsy om by die Berg Air Lifestyle Centre deur te bring. Hier is iets vir almal - koop plaaslike kaas by The Cheese Shop, proe sjokolade by The Drakensberg Chocolate Memories of klink 'n glasie by Drakensberg Brewery. Ons het ontbyt geëet by die Champagne Bistro-Café - ons keuse was die Ploughman's Breakfast Platter (R220), wat gekreun het onder roosterkoek, geurige tamatiekonfyt, spek, worsies, sampioene, 'n frittata en bros aartappelrösti. Dit was genoeg vir ons gesin van vier om ons knuppeldik te eet.

Daarna het ons by die Farm Friends-plaasstal ingeloer en aandenkings gekoop, asook satynsagte gelato om ons suikertande te sus. Dit het egter nie lank gehou nie, en later die middag het ons by Scrumpy Jack's verder af op die R600 gesmul aan gebakte heuningkaaskoek!

**Gaan stap 'n draai**

'n Mens kan nie in die berge wees en nié gaan stap nie. Ons het 'n roete by die nabygeleë Maloti-Drakensberg Park oorweeg, maar het uiteindelik op verwysing van die vriendelike bestuurder by AfriCamps, Limahl Sookraj, saam met Hannes Scharf van die Drakensberg Wellness Retreat die Osborn-roete op sy eiendom gaan stap.

Hannes bly al sy hele lewe hier en ken die omgewing soos die agterkant van sy hand. Met twee klein kinders wat saamstap, moes ons versigtigheid en geduld aan die dag lê om die 3 km-sirkelroete te takel, en dit was alles die moeite werd om die pragtige natuurskoon te ervaar.

Ons het met 'n leer teen die berg afgeklim en agter watervalle deur geloop. Dan weer uitgeklouter tot waar Hannes vir ons San-tekeninge gewys en meer oor die geologie van die omgewing vertel het. Teen die randjies het ons bobbejane sien baljaar en statige elande het ons met agterdogtige oë beloer.

Terug waar ons begin het, het Hannes vir ons forelle gewys wat in die helder bergwater rondglip, en dié wat nog in tenks bietjie grootgemaak word.

"Sodat hulle darem 'n kans het teen die otters en likkewane!" lag Hannes.

As jy meer tyd het (en avontuurlustiger is) as ons, loer in by Vertical Rush, waar jy kan touklouter (*abseil*) teen die kranse af of selfs die skrikwekkende King Swing beproef. Daar is ook Scootours waar 'n mens met 'n Monster Mountain Scooter 4x4-roetes teen die berg kan aandurf.

Diereliefhebbers sal mal wees oor Falcon Ridge, waar 'n vertoning met roofvoëls elke dag om 10:30 aangebied word.

Of kies koers na Dragon Rock Reptile & Nature Centre, waar jy interaksie met alles van slange tot verkleurmannetjies kan geniet. As kultuur meer jul ding is, die Drakensbergse Seunskoor se skool is ook in hierdie omgewing. As julle gelukkig is, tree hulle dalk op tydens jul besoek.

■ **AfriCamps het 'n gedeelte van Janse van Vuuren se verblyf geborg.**

## Meer oor AfriCamps en sy luukse tentkampe

As die idee aan kampeer jou in koue sweet laat uitslaan, sal AfriCamps jou hart laat warm klop. Die idee van 'n kampeervakansie – waar jy ná 'n lang rit na jou bestemming eers jou blyplek moet staanmaak, 'n badkamer moet deel met vreemdelinge en 'n geveg voer teen stof en goggas – het my nog nooit aangestaan nie.

Glamping – of glanskamp, soos die trots Suid-Afrikaanse maatskappy AfriCamps aanbied – is egter 'n perd van 'n ander kleur. Dié luukse tentkampe by 18 plekke oor Suid-Afrika heen (die nuutste een by Milorho in die Magaliesberge het op 12 Julie sy eerste gaste verwelkom), van Wildernis in die Tuinroete tot Hoedspruit op die Kruger-wildtuin se voorstoep, bied alles wat jy nodig het om lekker te ontspan. Elke tent spog met twee slaapkamers (slaapplek vir vyf mense), 'n badkamer met stort, kombuis met yskas en mikrogolf en 'n kaggel om die winterkoue te verdryf. Die hoogtepunt is die warm bad waar water met 'n vuurtjie warm gemaak word. Hier het ons rustig ontspan (ja, selfs in die middel van die winter) en gekyk hoe die son oor die berge verdwyn.

'n Moet-probeer is die braai- en ontbytmandjies wat AfriCamps verskaf. Die braaimandjie is gepak met steak, sosaties, wors, knoffelbroodjies, slaaie, malvalekkers om te braai en dadelpoeding met vla. Dit was meer as genoeg vir ons gesin van vier. Die ontbytmandjie het ons geniet nadat ons die Osborn-roete gestap het. Ons het soos honger wolwe die spek, worsies, sampioene, eiers, muffins, jogurt en vrugte verorber.

■ Verblyfkoste verskil dikwels van kamp tot kamp, die tyd van die jaar en of spesiale aanbiedinge geld. Besoek www.africamps.com vir meer besonderhede.